# SARS KOMMISSARIS VASBESLOTE OM AKSIE TE NEEM NA NUGENT-VERLSAG

**Kaapstad, 17 September 2019** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Edward Kieswetter, het aan die parlement se staande komitee oor finansies (SCOF) te kenne gegee dat SARS aansienlike vordering maak met die implementering van die Nugent Kommissie se aanbevelings.

Kommissaris Kieswetter het die komitee ingelig dat konsulterende firma Bain die R217-miljoen aan SARS terugbetaal het. Alhoewel inligtingstegnologiekonsultante Gartner nie tot dieselfde ingestem het nie, ten spyte van verskeie ontmoetings.

Gegewe die wyse waarop hierdie maatskappye sake gedoen het, moet dit oorweeg word om hulle op 'n beperkte verskafferslys te plaas wat, indien goedgekeur, sal beteken dat hulle nie met die Suid-Afrikaanse regering sal kan sake doen nie.

Verder, waar kriminele misdryf vermoed word, ten opsigte van sake van Bain en Gartner, is die aangeleenthede verwys na die Direktoraat vir Prioriteit Misdaadondersoeke (Valke) vir kriminele ondersoek.

In 'n breedvoerige voorlegging aan SCOF oor die vordering gemaak met die implementering van die aanbevelings van die Nugent Kommissie, het Mnr. Kieswetter ook die volgende uitgelig:

- Die Grootsakesentrum wat tot niet gemaak is, het 'n organisatoriese herskepping ondergaan en is nou funksioneel en sal in Oktober by sy nuwe perseel bekendgestel word;
- Die Onwettige Handeldryfkapasiteit is heringestel in die Wetstoepassingafdeling. Die primêre fokus van hierdie eenheid sal wees op belasting ten opsigte van georganiseerde misdaad en doeane en aksyns ontduikingskemas in die volgende industrië: tabak, kontant-en-dra, klerasie en tekstiele, en alkohol, onder andere.
- Die Nakomingseenheid is herskep om die ontwikkeling, inwerkingstelling, monitering en verslaggewing van die nakomingsbeleid en risikostrategie te fasiliteer;
- SARS sal sy Hooggeregshof Litigasie-eenheid herkonstitueer, wat as streekentiteite opgebreek is, wat die pas waarmee die eenheid funksioneer belemmer; en dit sal in Oktober 2019 in werking gestel word;
- Die inligtingstegnologie (IT) afdeling is gestabiliseer deur tydelik sleutelposisies te vul met ervare en professionele persone in die IT-bedryf;
- Herstigting van die Integriteitseenheid wat 'n belangrike funksie binne SARS vertolk; en
- Aanstelling van die vereiste kritiese vaardigheidshulpbronne vir die IT-afdeling sal later vanjaar begin.

Aangaande die bedanking van senior werknemers, die aanstellingsbeleid is hersien om die aanstelling van personeel, wat die organisasie vir verskeie redes verlaat het, toe te laat. Werknemers wat na betekenislose rolle geskuif is, is almal betenisvolle werk gegee.

Mnr. Kieswetter het gesê dat hy tans besig is met pligsuitvoeringhersienings van EXCO-lede, soos vereis deur die Nugent-aanbevelings en as 'n intredende leier om 'n alomvattende assessering van leierskapvermoë te doen. Dissiplinêre verrigtinge wat bepaalde individue raak, is onderweg. Terwyl vergaderings van die bestaande EXCO vir eers op ys geplaas is, word bepaalde operasionele vergaderings gehou oor die bedryf van SARS se sake op gereelde basis gehou met die uitgekringde besturende span.

Alle voordele van EXCO-lede en aanstellings sonder ministeriële goedkeuring is aan die minister gestuur vir hersiening en goedkeuring, soos ingevolge artikel 18(3) van die SARS-wet.

Mnr. Kieswetter het gesê dat vanaf 1 Oktober 2018, SARS nie meer 'n maandelikse BTW-terugbetalingsteiken toepas om die uitbetaling van terugbetalings in 'n bepaalde maand te beperk nie. In plaas daarvan, wanneer 'n BTW-terugbetaling betaalbaar word, word dit betaal sonder om die maandelikse terugbetalingsteiken te oorweeg.

Hierdie verandering in benadering het gelei tot 'n bykomende R30-miljard in terugbetalings wat in die 2018/19 finansiële jaar uitbetaal is.

Ten opsigte van regsonkoste wat deur die voormalige kommissaris aangegaan is, het Mnr. Kieswetter gesê dat SARS in die proses is om die betrokke bedrae te verhaal, insluitend 'n ongemagtige reis Rusland toe in November 2017, asook onkoste aangegaan in die versoek om raadgewing aangaande die Makwakwa-aangeleentheid. Hierdie kostes beloop R2 143 167.42.